# Lesing 03.09.2018 - Lesing 1 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

Openbaring van Vader aan Christine Badenhorst op
*31 Augustus 2018 23:19*

Ek word wakker en sien JAHSHUA wil met my praat en ek sien HY vou ‘n blommetjie om my en JAHSHUA sê ek moet elke woord neerskryf wat HY vir my sê. En ek sien HY het iets wat Hy vir my wil gee, met die mooiste glimlag op SY Aangesig en ek is so bly dat ek wakker geword het, want die groot Vreugde in my Hart om HOM te sien is altyd beter as enige iets anders. HY sê dat HY my iets gaan gee wat die Vreugde in my hart nog meer gaan verhoog en ek sien uit JAHSHUA se Hand vloei ‘n **reënboog** en toe ek nader kom word ek in die vloei van die kleure opgeneem en dit beweeg eers so deur my middellyf en dan word ek heeltemal in die stroom opgeneem en tot my groot Blydskap sien ek dat die reënboog die vorm van die **wawiel** maak, **ons Gilgal Klipwiel** en die wiel draai...ek voel hoe ek vanuit die middel na alle rigtings uitgaan en voor na die velling toe beweeg en die sirkel voltooi, alles op een slag. Dit is hoe wonderlik dit in die Gees werk. Ek voel hoe ek met die wilskrag in my en die vaste besluit in my brein vorentoe beur en die wiel laat draai en hierdie Wiel kry baie vinnig momentum en die wonderlikste van alles is dat ek nie net een wiel voel nie **maar 4 gelyk**, ‘n **volledige wa** wat baie vinnig voortbeweeg en ek dink aan die vuurwa wat Elia kom opneem het.

Hier het JAHSHUA vir Ons weer ‘n wa geskep wat Ons hulp gaan gee vanuit SY hemele. Maar dit is meer as ‘n wa, want my siel voel dat die vorm oorgaan na iets baie groters en meer verhewe as wat ons kan verstaan met ons verstande. **Dit word Iets enorm wat so baie Krag besit** dat niks en niemand dit kan keer nie en ek sien die momentum is so vinnig dat die kleure inmekaar gegaan het en ek net wit sien wat so vinnig vibreer dat dit in die grootste oneindige LIG oorgaan en ek is bewus van die **ontsaglike hoë vibrasie** wat baie intens en onbeskryflik is.

Ja, **ALLES kom HIERVANDAAN** en **dit is die BRON van ALLES.** Dit is hoe groot die Gilgal Klipwiel is. Dit is vir my so kragtige gevoel dat dit my siel inmekaar trek. Die grootsheid is enorm! Maar hier heers ook die grootste stilte..absolute stilte..dis so heilig in hierdie LIG...dit is hoe die ware “kerk” se binnekant voel. Dit vervul my siel met ontsaglike ERNS en skielik vanuit die LIG verskyn ‘n pragtige Gesig voor my met spierwit hare en sonder woorde word baie dinge aan my oorgedra en wonderlike dinge gebeur met my wat ek nie in woorde kan omsit nie en JAHSHUA sê:

“Baie dinge kan jy nie oordra nie, want dit is net vir jou gegee. Daarom moet elkeen na MY toe kom sodat EK dit vir hom ook so in die hart kan gee.”